September 2024

Geagte Ouer / Voog van ‘n Graad 8 / 9 / 10 2024 akademiese uitblinker

IEB Verdere Studies ekstra vakke

AdMaths (Edms.) Bpk. is ‘n voorkeurdiensverskaffer in die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) se Verdere Studies ekstra vakke, naamlik Verdere Studies Wiskunde, Verdere Studies Fisika en Verdere Studies Chemie. Hierdie is ekstra *vakke* en nie ekstra *klasse* in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe nie. Die oogmerk van die vakke is om leerders wat reeds akademies sterk is of ‘n groot belangstelling in hierdie vakgebiede het, addisioneel tot die skoolsillabus te stimuleer en te verryk. Leerders versnel ook deur te leer van konsepte en teorie vroeër as die aangewese tyd. Dit maak leerders skerper en laat hulle vinniger snap. Die vakgebiede word in perspektief geplaas en horisonne word verbreed.

Geakkrediteerde kwalifikasies

Graad 12s word geregistreer by die IEB vir die Verdere Studies Wiskunde / Fisika / Chemie finale eksamen, wat in Oktober plaasvind voor die aanvang van die Senior Sertifikaat-eksamen. ‘n Verdere Studies-sertifikaat verbeter die kanse vir universiteitstoelating aangesien dit baie sê van ‘n voornemende student se onafhanklikheid, selforganisasie en probleemoplossingsvaardighede.

AdMaths / AdPhysics / AdChemistry

Ons onderneming is die oorspronklike en grootste Verdere Studies diensverskaffer in Suid-Afrika en het sedert 2005 ‘n huishoudelike naam in die land geword. “AdMaths” is ook die naam van die unieke sambreelaanbieding van Verdere Studies Wiskunde in Suid-Afrika. AdPhysics en AdChemistry is, onderskeidelik, ons Verdere Studies Fisika en Verdere Studies Chemie aanbiedings.

As ‘n leerder AdMaths doen, doen die leerder Verdere Studies Wiskunde deur AdMaths (Edms.) Bpk. en skryf die leerder sy/haar interne eksamens by ons tot by die Graad 12 Proefeksamen.

AdMaths (Graad 9, 10 en 11 2025)

“Wiskunde Hoër Graad” sedert 2008

Baie Suid-Afrikaanse universiteite se voubiljette maak vermelding van “addisionele wiskunde” as hoogs aanbevole vir tersiêre studie. Wiskunde Hoër Graad is in 2007 vir die laaste keer geëksamineer. Baie studente getuig dat KABV Wiskunde hulle nie voldoende voorberei het vir eerstejaarswiskunde op universiteit nie. Alhoewel hulle 80% gekry het op skool, sukkel hulle om aan te pas op universiteit, veral in die eerste ses maande. Verdere Studies Wiskunde is byna onontbeerlik vir rigtings soos Ingenieurswese, B.Sc., B.Comm. en Aktuariële Wetenskap. Die vak dien as ideale oorbrugging tussen matriek en universiteit. Eerstejaars is verlore as hulle nie blootstelling op skool aan ‘n onderwerp soos absolute waardes gehad het nie. Universiteite pas nie noodwendig aan by wat op skool gebeur nie.

Invalspunte

Die gerieflike invalspunte vir AdMaths is Graad 9 en Graad 10. Ons waarsku egter dat ons ‘n gevorderde vak onderrig en dat, hoe vroeër ‘n leerder aansluit, hoe gouer hy/sy gewoond gemaak word aan ‘n hoër vlak van denke. ‘n Leerder wat in Graad 10 begin, het wel nie ‘n bewese agterstand wat inhoud betref nie. Ons laat selfs toe dat leerders in Graad 11 begin, maar daar is ekstra koste aan verbonde om die Graad 10 werk in te haal. Ons bied ook Graad 8 AdMaths en AdMaths Junior (laerskool) vir jonger boeties en sussies wat hulself wil begin voorberei vir wat kom.

Directors: JNJ de Villiers, DDP Jonker, M de Villiers
+2721-981-0595 | www.admaths.co.za | system@admaths.co.za
61 Protea Road, Brackenfell, Cape Town, South Africa,7560

Watter wiskunde onderwerpe word onderrig?

Die normale, geskeduleerde inhoud dek Algebra, Calculus en Matrikse. Verder word daar opsionele blootstelling gebied aan Grafiekteorie, Finansiële Wiskunde, Modellering en Statistiek. Ons onderrig ook onderwerpe wat nie vervat is in Verdere Studies Wiskunde nie, maar waarde toevoeg op universiteit. In Graad 9 word o.a. Rekenaargetallestelsels (binêr, oktaal, heksadesimaal) gedek.

Is daar in-persoon kontaksessies?

Vir inligting oor u naaste sentrum besoek www.admaths.co.za >> *PARTICIPATING SCHOOLS.* Die klasse (*Goud* pakket) vind een keer per week in kwartaaltyd plaas en duur 1½ uur. Op die *Silwer* pakket woon leerders die weeklikse, regstreekse webinaar by.

Studiemateriaal en assessering

AdMaths se Verdere Studies Wiskunde studiemateriaal is die beste in Suid-Afrika. Dit word kwartaalliks (elektronies) beskikbaar gemaak op die leerder se profiel en die hardekopie kan deur kliënte bestel word by www.admathsretail.co.za. Kliënte op alle pakkette word ook gekoppel aan vooraf-opgeneemde videolesings. Leerders skryf elke kwartaal ‘n toets/eksamen by die naaste eksamensentrum op ‘n vooraf-vasgestelde dag. Informele assessering (“tutoriale”) word ook ingedien.

Wat is die verskil tussen die pakkette?

Brons (selfstudie) leerders het geen regstreekse klas nie. Hulle besigtig die videolesings in hul eie tyd.

Silwer = *Brons* + regstreekse, weeklikse webinare in die *Zoom*-portaal. As die leerder ‘n webinaar mis, kan die video op die profiel besigtig word. Dis ook ideaal vir hersiening.

Goud = *Brons* + regstreekse, weeklikse in-persoon klasse aangebied deur ‘n fasiliteerder in ons diens.

Hardekopieë

Baie leerders maak van hul toestelle gebruik om die elektroniese studiemateriaal te besigtig of hulle laai die PDFs af en druk dit self. Kliënte wat belangstel in ons gedrukte handboeke van die studiemateriaal, word *Retail* kliënte ook. Daar is drie bestelrondes per jaar by www.admathsretail.co.za, in pas met die elektroniese beskikbaarmaking. U kan ongelukkig nie aan die begin van die jaar die volle jaar se handboeke eenmalig bekom nie. Vir elke Graad (9-12) se handboeke, is *Studiemateriaal* en *Oplossings*, aparte boeke per ronde.

***Diamant* (VIP-pakket)**

Diamant = *Brons* + webinaar (*Silwer*) + klas (*Goud*) + handboeke wat afgelewer word drie keer per jaar as deel van die pakket teen geen addisionele koste nie. *Diamant* kliënte gebruik *Retail* soms vir ander produkte, maar nie vir handboeke nie. *Diamant* kliënte het min administrasie deur die loop van die jaar.

Registrasie en betaalstruktuur

Alle eersteslagdeelnemers betaal ‘n registrasiefooi van **R510**. Ons stuur ‘n faktuur met bankbesonderhede en ‘n betaaldatum van laatste **Vrydag 6 Desember 2024**.

Vind ingesluit ‘n blad met die maandelikse paaiemente vir elke pakket.

Die jaarfooi op (bv.) die *Goud*-pakket (in-persoon klastoegang, handboeke uitgesluit) is R6972, wat die som is van 12 betalings van R581 elk van 1 Januarie tot 1 Desember 2025.

Doen aansoek by www.admaths.co.za >> *APPLY* teen die laatste **Maandag 2 Desember 2024**.

Die kursus neem ‘n aanvang sodra die studiemateriaal op 15 Desember 2024 beskikbaar gemaak word, alhoewel die regstreekse skedule eers begin in die week van 23-27 Januarie 2025.

Teken u ‘n kontrak met AdMaths?

Ja, u sal ‘n e-pos ontvang van esign@admaths.co.za. Die kontrak mag beëindig word deur ‘n maand se skriftelike kennis te gee by system@admaths.co.za. U mag migreer tussen pakkette.

Wat gebeur aan die einde van ‘n jaar?

Daar is ‘n R200 administratiewe fooi betaalbaar om die kontrak met nog ‘n jaar te verleng.

AdPhysics (Graad 10 Kwartaal 3 2025 / Graad 11 2025)

Die oogmerk van Verdere Studies Fisika is om vir leerders wat ‘n beduidende entoesiasme en belangstelling in die fisikakomponent van Fisiese Wetenskappe het, die geleentheid te bied om hul kennis, vaardighede, begrip en probleemoplossingsvermoëns te vergroot.

Die invalspunte vir AdPhysics is middel-Graad 10 en Graad 11. Webinare (*Momentum*) vind een keer per week in kwartaaltyd plaas en duur 1½ uur.

Onderwerpe sluit in: Meganika (Projektielbeweging, Uniforme Sirkelbeweging, Swaartekragvelde, Wentelbane en Satelliete, Draaimoment, Statiese Ewewig), Elektriese Bane en Velde, Magnetisme, Elektromeganika, Termiese Fisika, Kernkragfisika, Ossillasies (Periodieke en Harmoniese Beweging)

Graad 11s van 2025 moet aansoek doen by www.admaths.co.za >> *APPLY* teen die laatste **Maandag 2 Desember 2024**. (Graad 10s van 2025 teen die laatste **30 Junie 2025**.)

AdChemistry (Graad 10 Kwartaal 3 2025 – net Engels)

Die invalspunt vir AdChemistry is middel-Graad 10. Slegs huidige Graad 9s (matrieks van 2027) kan deelneem en die medium is Engels. Webinare vind een keer per week in kwartaaltyd plaas en duur 1½ uur. Onderwerpe sluit in: Fisiese Chemie, Organiese Chemie, Anorganiese Chemie, Praktiese Chemie

Graad 10s van 2025 moet aansoek doen by www.admaths.co.za >> *APPLY* teen die laatste **30 Junie 2025**.

AdAccounting (Graad 10 Kwartaal 3 2025)

AdAccounting is ons eie inisiatief om Rekeningkunde verryking te bevorder. Webinare (*Equity*) vind een keer per week in kwartaaltyd plaas en duur 1½ uur. Onderwerpe sluit in: Winsgewendheid, Annuïteite, Bates, Laste, Finansiële State, Rekonsiliasies, Belasting

Graad 10s van 2025 moet aansoek doen by www.admaths.co.za >> *APPLY* teen die laatste **30 Junie 2025**.

Ons sien daarna uit dat u inskryf vir een of meer van hierdie vakke en dat ons ‘n waardevolle belegging in u kind se lewe maak.

Vriendelike groete

Jean Nico de Villiers
Hoof

KURRIKULUMPAKKETTE 2025

IEB Verdere Studies Wiskunde

adMaths
Have the edge at university

Graad 8 - 12

DIAMANT (VIP)
R832 pm per student

GOUD (KLASSE)
R581 pm per student

SILWER (WEBINARE)
R456 pm per student

BRONS (SELFSTUDIE)
R382 pm per student

*sien regs onder vir pakketbeskrywings

IEB Verdere Studies Fisika

adPhysics
Have the edge at university

Graad 10 - 12

LIGHTYEAR (VIP)
R707 pm per student

PARSEC (KLASSE)
(Slegs geselekteerde sentrums)
R581 pm per student

MOMENTUM (WEBINARE)
R456 pm per student

FORCE (SELFSTUDIE)
R382 pm per student

*sien regs onder vir pakketbeskrywings

IEB Verdere Studies Chemie

adChemistry
Have the edge at university

Graad 10

MOLECULE (VIP)
R707 pm per student

ATOM (WEBINARE)
R456 pm per student

NUCLEON (SELFSTUDIE)
R382 pm per student

*sien regs onder vir pakketbeskrywings

adAssist
Adding value

CAPS KURRIKULUM-BYSTAND

Graad 9 - Afrikaans
Graad 10 - Afrikaans & Engels

Kontak asseblief die kantoor vir hierdie opsie

Besoek ons webtuiste by www.admaths.co.za en

DOEN NOU AANSOEK!!

adAccounting
Have the edge at university

Graad 10 & 11

INVESTMENT (VIP)
R707 pm per student

EQUITY (WEBINARE)
R456 pm per student

ASSETS (SELFSTUDIE)
R382 pm per student

*sien hieronder vir pakketbeskrywings

VIP PAKKETTE SLUIT IN

- ✓ Weekliks-geskeduleerde in-persoon en/of aanlynklas
- ✓ Aanlyntoegang tot studie-materiaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- ✓ Hardekopieë van die studie-materiaal word afgelewer
- ✓ VIP geskenk

KLAS PAKKETTE SLUIT IN

- ✓ Weekliks-geskeduleerde in-persoon klas
- ✓ Aanlyntoegang tot studie-materiaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- ✓ Hardekopieë van die studie-materiaal kan bestel word

WEBINAAR PAKKETTE SLUIT IN

- ✓ Weekliks-geskeduleerde aanlynklas
- ✓ Aanlyntoegang tot studie-materiaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- ✓ Hardekopieë van die studiemateriaal kan bestel word

SELFSTUDIE PAKKETTE SLUIT IN

- ✓ Geen kontaktyd, slegs selfstudie
- ✓ Aanlyntoegang tot studie-materiaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- ✓ Hardekopieë van die studiemateriaal kan bestel word

adMaths
Have the edge at university

Tel: 021 981 0595
E-pos: system@admaths.co.za
www.admaths.co.za

**Bepalings en voorwaardes geld. Die jaarfooi word opgedeel in maandelikse paaiemente. Klasse is steeds volgens die diskresie van die skoolhoof en is afhangend van hoeveel studente aansoek doen.